Uitnodiging na:
Fresh Expressions SA se nuwe kursus aan predikante en gemeenteleiers

Hannes Bezuidenhout [Voorsitter van die Sinodale Taakspan Missionale Kerkwees] skryf soos volg:
"Fresh Expressions SA stel op ***26 & 27 Maart*** 'n splinternuwe kursus aan Predikante en gemeenteleiers bekend. Die kursus kan deur elke gemeente en Ring gebruik word om saam met lidmate oor missionale- gemeente-wees te dink en in die proses te groei.

Die kursus met die titel **Inleiding tot Missionale Gemeentewees** (IMG) bied 'n kursus in die hande van elke leraar of gemeenteleier om aan te bied sonder enige eksterne fasiliteerders soos met die MSM (Mission Shaped Ministry). Die IMG word in 6 modules verdeel met fasiliteerders aantekeninge, video snitte, deelnemers aantekeninge en Powerpoint skyfies. Die kursus is spesifiek ontwikkel vir die Suid-Afrikaanse konteks en is beskikbaar in Afrikaans, Engels, Xhosa en Zoeloe.

Praktiese ervaring bevestig dat verskeie vrae gevra word oor 'n gemeentes te missionale voetspoor. Baie vrae word hieroor in gemeentes gevra:
- *Wat beteken God se missie? (Missio Dei)*
- *Wat beteken missionale gemeentewees?*
- *Watter waardes is die boustene van missionale gemeentes?*
- *Hoe kan ons beter evangeliseer en dissipels maak?*
- *Hoe kan ons meer relevant en betrokke wees in die gemeenskap?*

Die Noordelike Sinode se Taakspan vir Missionale Kerkwees nooi elke gemeente om by een van die bekendstellings geleenthede in te skakel om die gesprekke in die plaaslike omgewing en werkkring verder uit te brei rondom die herontdekking van die missie van God; die herontdekking van die missionale roeping van 'n gemeente in 'n veranderde wêreld; die herontdekking van die missionale aard van die gemeente; die herontdekking van dissipel-making; die herontdekking van 'n doelgerigte luister na jou gemeenskap.

Hierdie kursus word bekendgestel by die volgende sentra:
Johannesburg: 26 Maart om 09h30 St Martins on the Veld, Rosebank Anglican, 43 Cradock Ave Rosebank: Kontak persoon is - **Paul Siaki: paulsiaki@oci.org**

Pretoria: 27 Maart om 09h30 by Glen Methodist, Cnr Keeshond & Hilda Road, Garsfontein: Kontak persoon is **Grant Thistlewhite: rector@stwilfrids.org.za**

Midrand: 27 Maart om 13h00 by MidChurch, Presbyterian, 18 King Willow Cres, Randjesfontein, Midrand. Kontak persoon is **Chris Judelsohn: Christopher@midchurch.co.za**

Polokwane: 28 Maart om 09h30 by NG Pietersburg-Noord, kontakpersoon is ds Hannes Bezuidenhout: **hannes@ngnoord.co.za**

Die koste van die IMG kursus pakket vir 'n gemeente is R 600 en kan tydens die bekendstellings geleenthede aangekoop word..

Almal word genooi om een van die geleenthede gratis by te woon. Verversings word ook gratis ingesluit.